| Wat is die taak van die kerk? | Omgeegroepe | 29 November – 5 Desember 2015 |
|---|---|---|

**1. Lief en leed** - Deel met mekaar julle lief en leed en wat julle Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd –** Wanneer ons stil word in stiltetyd, ‘n omgeegroep of ‘n erediens, is dit nie om God te nooi om tog by ons te wees nie, maar eerder die **erkenning dat ons (saam) in God se teenwoordigheid is!** Hy is klaar hier! Hy nooi ons in *sy teenwoordigheid* in. Ons leef elke oomblik in sy teenwoordigheid, maar in ‘n groep of erediens vergader ons saam as sy huisgesin! Dank God dat Hy hier en nou by ons teenwoordig is! **Loof Hom ook vir die lieflike reën wat Hy in antwoord op ons gebede vir ons gegee het** – ’n liefdesgawe uit die hand van God!

**3. Luister na God se Woord** – Deel met mekaar die plekke in die Bybel wat jy van weet waar God van liefde praat? Wat sê Hy van liefde en oor wie se liefde gaan dit? Wie is al die rolspelers as dit by liefhê kom?

**4. Luister na mekaar en die wêreld –** Dink en gesels oor hoe mense deesdae liefde beskou. As jy ’n definisie uit die samelewing sou moes aflei oor liefde, wat sou dit wees? Wat weerspieël die films, sepies, koerante en optrede oor mense se siening van die liefde? Wat sou jou definisie van liefde wees? Deel dit met mekaar.

**5. Luister weer na die Woord –** Lees nou Johannes 3:16 en 17, Johannes 13:1, 1 Johannes 4:7-12 asook 1 Korintiërs 13 en Johannes 15:9-17. Wat sê hierdie gedeeltes alles oor die liefde? Wie se liefde is dit en aan wie word dit bewys? Is liefde ’n geheim of ’n geheimenis? Wat sou die verskil wees?

**6. Fokus op wat God doen –** Die wonderlike boodskap van die Bybel is dat God... Liefde is! Hy is die bron en oorsprong van die liefde. Daar bestaan geen ware liefde sonder Hom nie. Werklike liefde kom van Hom en ontspruit uit Hom. Hy het ons eerste liefgehad – toe ons nog sondaars (verlorenes) was. En Hy sê nie maar net Hy is lief vir ons nie, Hy gee Homself aan ons deur Jesus Christus en sorg vir ons deur sy Heilige Gees! Hy bewys sy ware liefde aan ons met opoffering, diensbaarheid en selfprysgawe. Hy sorg vir ons na liggaam siel en gees, ten spyte van ons menslikheid en ongehoorsaamheid. Ten spyte van ons selfsug en liefdeloosheid!

**7. Antwoord met ons lewe** – Die grootste gebod en eerste toets van die Bybel is nie verniet die LIEFDE nie! Jy moet die Here jou God liefhê met hart, siel, krag en verstand; en jy moet jou medemens liefhê soos jy jouself het! **Liefde is die taak en roeping van die kerk** – dit is ons as gelowiges se voorreg en verantwoordelikheid! Om liefde te dra en te verkondig. Wat dra jy? Wat leef ons uit? Dit is hartseer as die kerk haar taak sien as veroordeling of kritici op die samelewing; of nog erger: as die kerk selfs in God se Naam mense veroordeel en wegstoot! Natuurlik verheug die liefde haar oor die waarheid, maar sonder liefde is die kerk en ’n gelowige se getuienis – NIKS! Kom ons maak liefde – liefde wat uit God groei – die eerste kenmerk van ons lewe!

**8. Bid nou saam -** Word stil voor God en dank Hom dat Hy na ons gebede luister.

- Vra die Here om jou hart en gedagtes te ondersoek – hoe liefdevol / liefdeloos is jy?
- As jou geliefdes / medemense ’n definisie van liefde van jou lewe sou moes aflei, wat sou dit wees? Buig voor die Here en vra Hom dat Hy sy definisie van liefde in jou lewe sal laat grondvat – **onvoorwaardelike aanvaarding, onselfsugtige opoffering en absolute vergifnis**!
- Dank God vir sy oneindige, ewige liefde vir jou en jou medemens en vra Hom om jou deur sy Gees te help om sy liefde uit te leef en uit te deel!
- Bid vir almal hierdie Rustyd en Kerstyd, dat ons waar ons ook al gaan en wat ons ook al doen God se liefde sal beleef en uitdeel en omvou sal wees deur sy vrede!